

WAT IS DIE STAND VAN AFRIKANERERFENISSE IN 2015?

Cecilia Kruger

Die Erfenisstigting, Posbus 1514, Groenkloof, 0027

Doel van die dokument

Hierdie dokument is in opdrag van die Direksie van die Erfenisstigting opgestel n.a.v. grootskaalse vandalisering van openbare beelde uit die koloniale en apartheidstyd wat landswyd in April 2015 plaasgevind het. Dit het die noodsaak beklemtoon dat beide die Erfenisstigting (ES) en die Voortrekkermonument (VTM) hulle rol en mandaat in toekomstige bewaringsaksies moet kan uitspel.

Ten einde dit te bereik, is dit noodsaaklik om 'n opgawe van die sg. 'stand' van Afrikanererfenisse op te stel en te bepaal in welke mate aldan nie, hulle beskerming geniet. Die inligting hierin vervat is gebaseer op die kollektiewe ervaring en kundigheid van die Erfenisstigtingpersoneel, primêre brondokumente in die ES se argief, sekondêre bronne in die biblioteek en in privaat besit.

Pro-aktiewe optrede, soos die vasstel van 'n werkbare strategie m.b.t. die bewaring van ons tasbare, nie-roerende erfenishulpbronne sal hopelik met hierdie tersaaklike inligting vergemaklik word.

Definisies en terminologie

Ten einde die ondersoekterrein af te baken, is dit nodig om die terme 'Afrikaner', 'bewaring', en 'erfenis' kortliks te definieer, sonder om in lang filosofieë en teorieë verstrengel te raak.

Vir die doel van hierdie dokument behoort die volgende voldoende te wees:

Afrikaners: Persone wat hulleself met die herkoms, geskiedenis en taal van Suid-Afrikaners identifiseer wat tradisioneel van Europa afkomstig was, blank van velkleur was, die Christelike geloof aangehang het en later die taal bekend as Afrikaans ontwikkel en gepraat het.

Bewaring: Bewaring m.b.t. erfenis beteken die fisiese aksies / ingryping om 'n erfenishulpbron op wetenskaplik gefundeerde wyse van vernietiging te red. Wat nie-roerende hulpbronne betref, behoort hulle in situ bestuur te word (op die plek waar die hulpbron geleë is). Indien dit onmoontlik is, impliseer bewaring dan die verwydering van 'n hulpbron uit sy omgewing na 'n plek van veilige bewaring waar die voortbestaan gewaarborg kan word – verkieslik steeds binne redelike konteks. Wetgewing (Wet 25 van 1999 – Nasionale Erfenishulpbronwet) maak voorsiening vir 'n proses wat gevolg moet word voordat die hulpbron verwyder mag word.

Erfenis: Alles wat ons van ons voorouers geërf het wat van besondere kulturele en historiese waarde is. Daar word onderskei tussen die nie-tasbare erfenis soos tradisies, geloof, taal, en dans, en die tasbare erfenis soos kunswerke, geboue en strukture, monumente

en gedenktekens, grafte en begraafplase, argeologiese artefakte, gebruiksartikels, meubels, klere, ens. In hierdie dokument word slegs op die tasbare, nie-roerende erfenisse en hulle bewaring gefokus. Voorwerpe of roerende hulpbronne word hoofsaaklik in museums aangetref en dit vorm nie deel van hierdie bespreking nie, aangesien dit 'n heel ander onderwerp is.

Erfenisbewaring in die breër Suid-Afrikaanse konteks

In 1999 het die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne, Wet 25 van 1999, die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede van 1969 vervang en die amptelike bewaringswetgewing in Suid-Afrika geword. 'n Nuwe era in erfenisbewaring is ingelui. Die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) het die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede vervang en die verskillende kategorieë van erfenisse wat bewaar moet word, is aansienlik uitgebrei. Om die owerhede met bewaring by te staan, is gemeenskapsbetrokkenheid by die bewaring van eie erfenisse op verskeie wyses aangemoedig. Hierdie aspek, tesame met die feit dat 'n tekort aan hulpbronne, ervaring en kundigheid daartoe gelei het dat veral die bewaring van Eurosentriese (koloniale en apartheids-) erfenishulpbronne toenemend agterweë gelaat is, het die besef laat ontstaan dat 'n nuwe liggaam tot stand moes kom om die landswye probleme te probeer aanspreek.¹

Die Erfenisstigting

Die rol van die Erfenisstigting kan nie in isolasie gesien word nie, aangesien die ontstaan daarvan hand aan hand geloop het met 'nuwe' bewaringswetgewing in Suid-Afrika, asook die nuwe bestuur wat sedert 2000 by die VTM (maatskappy sonder winsbejag) aangestel is.

Die VTM het 'n leidende rol gespeel in die totstandbring van die ES as 'n artikel 21-maatskappy,² gebaseer op eersgenoemde se oënskylnlike suksesse sedert die nuwe bestuur in April 2000 oorgeneem het. Toenemende landswye bewuswording en gepaardgaande kommer oor die agteruitgang van veral monumente, begraafplase en ander strukture van kultuurhistoriese belang vir veral Afrikaners, het ook teen 2002 daarop gedui dat daar daadwerklik ingegryp moes word.

Die bestuur van die VTM het vir bykans tien jaar die ES, die Bloedrivierterrein in KwaZulu-Natal en verskeie ander terreine wat mettertyd tot die lys van eiendomme bygevoeg is, op 'n bo-en-behalwe grondslag bestuur. Ook ad hoc-bewaringsaksies sou van tyd tot tyd groot uitdagings aan hierdie nuwe rolspelers in die bewaringsveld stel.

Na sy totstandkoming het die ES hom aanvanklik ten doel gestel om:

- 'n Erfenissentrum op te rig,

¹ Erfenisstigting Argief (hierna ESA), lêer nr 1/2/7/4/1, ES Direksievergaderings, Agendas en Notules, Notule van die eerste Direksievergadering van die ES, 2002-11-18, p. 4.

² ESA, lêer nr 1/1/2, RSA, Maatskappywet nr 61 van 1973, Statute van 'n Maatskappy sonder 'n aandeelkapitaal, Registrasiernr 2002/022710/08; ESA, lêer nr 1/2/7/1/1, G. Opperman, Kennis van Direksievergadering, 2002-02-12, Verteenwoordigers is versoek om vooraf met moederorganisasies te kommunikeer re die moontlike stigting van 'n oorkoepelende erfenisliggaam.

- binne twee jaar onafhanklik van die VTM te funksioneer,³ en
- bedreigde kultuurhistoriese erfenishulpbronne wat veral vir die Afrikaanse gemeenskap (maar nie uitsluitlik nie) van belang is, te bewaar.⁴

Die eerste doelwit is in 2008 bereik met die opening van die Erfenissentrum op die terrein van die VTM. Die Afrikanerbakens-uitstalling, biblioteek, argief, familienavorsingsentrum, museumbergruimtes en die Afrikaanse Winkel is ingerig. Tans dien dit ook as die hoofkantoor van die Erfenisstigting.⁵ Groter argiefgeriewe, kantore en 'n nuwe uitstallokaal is in 2014 aangebring.

Die tweede doelwit is nooit ten volle bereik nie. In 2011 het die destydse Hoof Uitvoerende Beampte (HUB) van die VTM, Gert Opperman, aangedring op die aanstelling van 'n nuwe HUB vir die Voortrekkermonument, sodat hy uiteindelik meer gefokusde bestuurstyl aan die ES kon afstaan om nader aan die doelwit van onafhanklikheid te beweeg.⁶ Met sy aftrede in 2014 het die nuwe Besturende Direkteur (BD) van die VTM, me Sonja Lombard, weer alle finansiële bestuur, die bemaking en ondersteuningsdienste by die VTM gesentraliseer.⁷

Die derde doelwit word deurentyd en met gemengde welslae deurgevoer. Die grootste uitdaging bly steeds die ontginning van voldoende finansiële hulpbronne.

Die ES en die bewaring van die Afrikaner se kultuurhistoriese erfenisterreine

Afrikanererfenisse is sinoniem met die sg. Eurosentriese, koloniale en / of apartheids-erfenishulpbronne wat verteenwoordigend is van blanke teenwoordigheid en ontwikkeling in Suid-Afrika sedert die Portugese ontdekkingsreisigers om die Kaap geseil het.

Gerieflikheidshalwe kan die Afrikaner se geskiedenis in vyf tydperke ingedeel word. Die ES se navorsingsafdeling is sedert April 2015 besig met die saamstel van 'n omvattende databasis van verteenwoordigende erfenishulpbronne in die verband.

1. **Volksplanting:** tydperk van die Portugese seevaarders en die VOC – hoofsaaklik aan die kus en in die Kaap (ca 1488-1800). Die ES is nie betrokke by enige bewaringsaksies of terreine m.b.t. relevante gedenkwaardighede nie.
2. **Britse besetting van die Kaap en die Groot Trek** (ca 1800-1852). Die ES is nie betrokke by enige bewaringsaksies t.o.v. die Britse besetting nie, maar wel by 'n groot

³ ESA, lêer nr 1/1/1, Erfenisstigtingkorrespondensie, 2002.

⁴ ESA, lêer nr 1/1/2, RSA, Maatskappywet nr 61 van 1973, Statute van 'n Maatskappy sonder 'n aandeelkapitaal, Akte van oprigting.

⁵ ESA, lêer nr 5/2/12, Amptelike program: Inwyding van die Erfenissentrum op die Voortrekkermonument Erfenisterrein, 2008-09-05.

⁶ Die Direksies van die Voortrekkermonument en Natuurreservaat (VTM) en die Erfenisstigting (ES), beide organisasies sonder winsmotief, het tydens die spesiale gesamentlike vergadering op 12 Julie 2011 besluite van deurslaggewende belang rakende die pad vorentoe vir die organisasies geneem. Dit is gedoen teen die agtergrond van die Direksies se langtermynstrategie vir die ontplooiing van die twee organisasies wat in die praktyk as afsonderlike maatskappye naas mekaar bedryf moet word.

⁷ ESA, lêer nr 1/2/7/4/1, ES-direksievergaderings, Agendas en Notules, Notule van die Spesiale Direksievergadering, 2011-07-12.

aantal Groot Trek-verwante erfenishulpbronne – hetsy as eienaar, of op 'n ad hoc-basis.

Die volgende Groot Trek-terreine is sedert 2000 deur die VTM en/of ES en daarna deur die ES oorgeneem en bestuur. (Sien Aanhangsel A vir historiese oorsig).

- Voortrekkermonument, Pretoria
- Bloedrivierslagveld en monument, Dundee
- Retiefklip en Kaalvoetvrou, Kerkenberg
- Bloukransmonument, Estcourt
- Karel Landman-monument, Alexandrië

Die ES is ook op een of ander wyse betrokke by:

- die Genootskap Louis Tregardt en beheer die Louis Tregardt-gedenktuin in Maputo.
- Vegkopmonument en terrein, Heilbron.
- Onderhandelings om die bestuur van die Winburgmonument en -museum oor te neem. Dit het misluk.
- Onderhandelings om die Piet Retiefhuis te Mooimeisiesfontein in Riebeek-Oos oor te neem. Dit het ook misluk.
- Voortrekkerbegraafplaas op Ohrigstad is a.g.v. druk en aanmoediging van die ES deur die gemeenskap opgeknep.

Ad hoc-reddingsaksies sluit in:

- Die beveiliging van die Andries Pretorius-beeld buite Graaff-Reinet.
- Die oorskot van Voortrekkerheld Martinus Ootshuyse is uit die gevandaliseerde graf en begraafplaas te Winterton verskuif en op die familieplaas by Warden herbegrawe.
- Die 1938-herdenkingsmonument te Fochville is gerestoureer.
- Die gevandaliseerde beeld van 'n Voortrekkervrou wat op die Wes-Rand afgesteel en beskadig is en op 'n skrootwerf in Langlaagte beland het, is 'gered'. Roodepoort se munisipaliteit wou die beeld van die Voortrekkervrou nie terughê nie, en die ES het dit aan Settlers se Geloftefeeskomitee gebruikleen.

- 'n Ou historiese kanon is van 'n hoërskool na die VTM-terrein verskuif (geskenk; irrelevant vir skool). Die kanon is Susanna gedoop en word tans steeds tydens spesiale geleenthede afgevuur.
 - 'n Brons Voortrekkerwa, soortgelyk aan dié wat by die Bloedrivierslagveld opgerig is, wat in Boomstraat voor die ou Nasionale Kultuurhistoriese Museum gestaan het, is na die VTM verskuif (bedreig).
3. **Die Pionerstyd – hoofsaaklik in die binneland (1852 – 1899):** Die tydperk is gekenmerk deur die totstandkoming van die twee Boererepublieke, stigting van dorpe (later stede), ontdekking van diamante en goud, skermutselings tussen inheemse bevolkings, asook tussen Pioniers en inheemse volke, die Eerste Vryheidsoorlog en die aanloop tot die Anglo-Boereoorlog. Die ES en VTM is permanent by die volgende bewaringsaksies betrokke:
- Die VTM het in 2001 Fort Schanskop (1896) by die Stadsraad van Pretoria gekoop en dit word as museum op die VTM terrein bestuur.
 - Die ES is by die bewaring van sekere erfenishulpbronne uit die tyd betrokke. Die belangrikste is die bewaring van O' Neil se kothuis naby Majuba in KZN waar grootskaalse restourasie gedoen is, 'n museum ingerig is en met die plaaslike gemeenskap en die eienaars geskakel word re instandhoudingsaksies.
 - Die ES is van tyd tot tyd deur middel van die President Paul Kruger Trust by bewaringsaksies te Boekenhoutfontein by Rustenburg betrokke.

Ad hoc-bewaringspogings sluit in:

- Verskeie pogings om samewerking met die Paardekraalkomitee te vestig wat hom vir die versorging van die Paardekraalmonument (1880) buite Krugersdorp beywer.
 - Pogings om die monument wat die Jameson-inval (1896) gedenk, aan die Wes-Rand te red.
 - Borsbeeld van generaal Piet Joubert vanaf die vorige terrein van die NG Kerk Argief in Visagiestraat na Schanskop (VTM) verskuif (bedreig).
4. **Die Anglo-Boereoorlog (1899-1902): (Sien Aanhangsel B vir historiese oorsig oor terreine en die SAEHA-grafte-projek)**

Die volgende Anglo-Boereoorlogterreine is sedert 2002 deur die Erfenisstigting oorgeneem en / of bestuur en word dienooreenkomstig chronologies in Aanhangsel B bespreek:

- Danie Theron-gedenkteken, Gatsrand, Fochville

- Doornbult konsentrasiekampterrein, Hopetown (huurbasis)
- Konsentrasiekampbegraafplase, Mafikeng
- Konsentrasiekampbegraafplaas, Kroonstad
- Tussen 2011 en 2014 het die ES ingevolge 'n ooreenkoms met die SA Erfenishulpbronagentskap meer as 40 ABO-verwante begraafplase en terreine herstel en / of in stand gehou

Ad hoc-bewaringsaksies

- Danie Theron-standbeeld na Schanskop (VTM) in 2002 vanaf Danie Theron Krygskool verskuif – deur mnr Mandela by Schanskop onthul
- Herstel van Delareyville se Burgermonument
- Herstel van Burgermonument te Platrand

5. Unie en Republiek van Suid-Afrika (1910-1994)

Die ES se betrokkenheid by die herdenking van hoogtepunte uit die meer onlangse geskiedenis van die Afrikaner is meer toegespits op reddingsaksies van roerende en nie-roerende versamelings wat sedert 1994 toenemend irrelevant geraak het. Dit sluit die volgende in:

- Deur bemiddeling van die Erfenisstigting is die Strijdomkop wat op Strijdomplein weens 'n ontploffing ineengestort het, na Nylstroom se Strijdomhuis verskuif (waarskynlik vandalisme).
- Verskeie Verwoerdstandbeelde na Orania (toepaslike omgewing); die VTM het borsbeelde van Verwoerd ontvang van Centurion Stadsraad, die Parlementsgebou in Kaapstad, die voormalige HF Verwoerd Hospitaal en die Hoërskool Hendrik Verwoerd in Pretoria (lg. het 'n naamsverandering oorweeg ten tyde van die skenking)
- *Getemde Vryheid* (die beeld van 'n man en 'n bul) van die Pretoriase middestad na Erfenissentrum (verwaarlosing, vandalisme – brons leiriem afgesaag)
- Koedoebeelde uit middestad op bruikleen van ABSA, na ES (verwaarlosing, vandalisme – brons koedoehoring afgesaag)
- *In vlug* na Voortrekkermonument Erfenisterrein (vandalisme by voormalige Jan Smuts-lughawe). Dit is herstel en heet nou *Quo Vadis*.

- *Skool op Wiele*, voormalige TPA Museumdiens, Sunnyside, na VTM Erfenisterrein (verwaarlosing).
- Borsbeelde en portrette van staatspresident en premiers wat in Uniegebou was, eers in store gebêre – nou by die VTM.
- Kunswerke (groot verskeidenheid Africana) uit ou TPA-gebou op permanente bruikleen by VTM.
- Borsbeelde van Afrikaanse skrywers van Staatsteater na ES geskuif (verwaarloos/bedreig).
- Tussen 2010 en 2012 was die ES betrokke by ‘n bewaringsbestuursaksie by die Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) te Bloemfontein. Dit was m.b.v. fondse wat deur die Provinsiale Departement van Sport, Kuns, Kultuur en Rekreasie en Dagbreek Trust beskikbaar gestel is.

Erfenishulpbronne waarby die ES / VTM NIE betrokke is nie

Gebaseer op beskikbare inligting, is daar verskeie nasionale en plaaslike owerhede en privaat instansies wat verantwoordelik behoort te wees vir die bewaring van tasbare, nie-roerende erfenishulpbronne van besondere belang vir die Afrikaner / Afrikaanssprekende deel van die bevolking. Hierdie monumente en standbeelde is hoofsaaklik in die sg. apartheidsera opgerig en is verteenwoordigend van belangrike rolspelers en gebeure in die geskiedenis van die Afrikaner tot 1994.

Gegewe die huidige veranderde politieke en sosio-ekonomiese klimaat, is die rol en die morele en finansiële verpligting van veral die owerhede in die verband, aanvegbaar. Opsommendergelys kan volstaan word by die volgende indeling:

Verklaarde Provinsiale Graad I (Nasionale) -Erfenishulpbronne (Kry geen staatsbefondsing nie)

Hou hoofsaaklik verband met die “Struggle”, of die geskiedenis van die voorheen benadeelde gemeenskappe.

Verklaarde Provinsiale Graad II (Provinsiale) -Erfenishulpbronne (Kry geen staatsbefondsing nie)

Onduidelik, maar in hierdie stadium het al die monumente wat voor 1999 as Nasionaal verklaar is, nou Provinsiale status. ‘n Aansoekproses moet gevolg word om die status na Graad I Nasionaal te verhoog.

Verklaarde Plaaslike Graad III -Erfenishulpbronne (Kry geen staatsbefondsing nie)

Onduidelik, maar daar kan aanvaar word dat ALLE openbare standbeelde in dorpe en stede deur die plaaslike owerhede beskerm en in stand gehou behoort te word, behalwe waar anders vermeld.

Privaat organisasies en instansies. Hoofsaaklik beelde en monumente

- op kampusse en by skole
- by kerke
- in besit van die privaat sektor soos besighede of op privaat grond soos plase
- semi-staatsliggame

Wat museumversamelings betref , kan by die volgende oorhoofse indeling volstaan word:

Nasionale Verklaarde Kulturele Instellings ingevolge Wet 119 van 1989 (Word 100% deur staat gesubsidieer)

Twee vlagskepe:

- **Gauteng:** Ditsong National Museums of South Africa (Kultuurmuseum, Transvaalmuseum, Museum vir Krygsgeskiedenis, Krugerhuis, Sammy Marksmuseum, Pioniershuis, Willem Prinsloo-landboumuseum, Tswaiing Kratermuseum)
- **Wes-Kaap:** Iziko (Slawelosie, Nasionale Museum, William Fehr-versameling, Michaelis-versameling; Nasionale Galery)

Ander Nasionale Verklaarde Kulturele Instellings ingevolge Wet 119 van 1989 (Word 100% deur die staat gesubsidieer)

Ingevolge die wet word verteenwoordigende rade vir 'n tydperk van 3 jaar aangestel wat dié instansies beheer.

- Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, Bloemfontein
- Nasionale Museum, insluitend die Oliewenhuys Kunsmuseum, Bloemfontein
- William Humphreys Kunsmuseum, Kimberley
- McGregor Museum, Kimberley
- Umsunduzi Museum, sluit Voortrekkermuseum in (Pietermaritzburg)
- Freedom Park
- Robben Eiland
- Nasionale Engelse Letterkunde Museum ens

Provinsiale Museumdienste (word 100% deur die provinsiale Departemente van Sport, Kuns, Kultuur en Erfenis / Ekonomiese Sake befonds)

Voor 1999 het elkeen van die destydse vier provinsies 'n museumdiens gehad wat verskillende museumfunksies verrig het en professionele dienste gelewer het aan veral plattelandse museums.

Met die nuwe provinsiale bedeling het die ou Transvaalse Museumdiens verdeel in museumdienste vir Noord-Wes, Mpumalanga en Limpopo. Die Gauteng Provinsie het ingevolge die verdeling geen museums binne sy grense gehad nie en gevolglik het die diens verdwyn.

Die ander provinsies soos KZN, Vrystaat, Oos-Kaap, Noord-Kaap en Wes-Kaap se museumdienste wissel tussen heeltemal oneffektief tot hoogs effektief (Wes-Kaap en KZN).

Plaaslike of munisipale museums (word deur plaaslike regerings se Departemente van Sport, Kuns en Kultuur befonds)

Verskeie dorpe en stede het hulle eie dorps- of omgewingsmuseums gehad wat doeltreffend gefunksioneer het, met een of twee kurators in hulle diens en met bystand deur die relevante Provinsiale Museumdienste.

Sover vasgestel kon word, funksioneer slegs enkele uitsonderings – afhange van die plaaslike regering se toegewydheid aan die bevordering van kuns, kultuur en erfenissake. Dit is dikwels egter te danke aan die toewyding van enkele individue, dat hierdie museums hoegenaamd nog vir die publiek toeganklik is.

Universiteitsmuseums

Universiteite het om verskillende redes oor die jare verskillende versamelings bekom wat deur weldoeners geskenk is. Departementele versamelings is opgebou na gelang van navorsingsbehoefte. Sulke versamelings is gewoonlik geslote en word slegs deur studente en dosente in bepaalde vakrigtings gebruik. Enkele voorbeelde is die Van Tilburg-versameling by UP, die Adler mediese versameling by Wits en die OB versameling wat by die Potch kampus van die NWU gehuisves was, maar inmiddels na die ES oorgeplaas is.

Privaat museums / versamelings

Verskeie museumuitstallings in die land word deur privaat instansies OF individue uit hulle eie fondse bedryf. Van die grootste en bes-versorgde versamelings is bv dié van die Oppenheimers (Brenthurst Biblioteek en Argief) en die Ruperts (Franschhoek Motormuseum), terwyl uitstallings soos die Springbokmuseum in die V & A Waterfront deur die SA Rugbyunie befonds is.

Een van die omvattendste stoomtrein-, trekker- en enjinversamelings behoort aan mnr Wilfred Mole en kan by Sandstone Estates in die Oos-Vrystaat besigtig word.

Privaat organisasies, besighede en bedrywe en kultuurorganisasies soos die ATKV bedryf hulle eie museums of interpretatiewe uitstallings. Een van die bekendste opelugmuseums in Suid-Afrika is waarskynlik die ‘Groot Gat’ museum by Kimberley wat deur Anglo-American tot stand gebring is.

Met die ‘wettigmaking’ van dobbelary binne die landsgrense van Suid-Afrika het enkele besighede soos bv Gold Reef City hulle bydrae tot ‘social upliftment’ gemaak deur museumuitstallings met polities korrekte temas te laat oprig. Die Apartheidmuseum by dié pretpark in Johannesburg is waarskynlik die belangrikste voorbeeld.

Ten slotte

Dit is wêreldwyd bekend dat gemeenskappe, volke en nasies hulle **eie** terugslae, maar ook mylpale, bakens en helde vereer en gedenk deur die oprig van monumente en gedenktekens en die skep van beelde en kunswerke. Aangesien dit meestal met groot uitgawes gepaargaan, is dit dan ook normaalweg openbare fondse wat aangewend word en kan daar aanvaar word dat dit projekte is wat deur die regerings van die dag gedryf word. Sulke erfenishulpbronne word dan ook met staatsbefondsing bestuur en bewaar.

Dit is logies dat die omgekeerde ook waar is. Dit is uiters raar dat een volk die erfenishulpbronne van ’n ander sal bewaar, veral as die verhouding tussen hulle onversoenbaar was of is. Die geskiedenis word deur die oorwinnaar vertel en wanneer een volk en sy regering deur ’n ander ‘verslaan’ word, op welke wyse ookal, word ’n nuwe geskiedenis met nuwe bakens en helde vertel en gedenk – ten koste van dié van die verslane volk.

Suid-Afrika is geen uitsondering nie. In die halfeeue wat die Afrikaner die land regeer het, is sy eie geskiedenis en kultuur herdenk en letterlik duisende beelde en monumente het oor die lengte en breedte van die land verrys. Na 1994 het die politieke speelveld drasties verander en het die nuwe regering van die dag die verantwoordelikheid vir die bewaring van erfenishulpbronne ook na gemeenskappe gedelegeer maar nie noodwendig met die nodige ondersteuning en befondsing nie. ’n Vakuum het ontstaan en die Erfenisstigting is in Afrikaner geledere tot stand gebring in ’n poging om die bewaring van sy tasbare erfenis te verseker.

Die ES het tot ’n entiteit in eie reg ontwikkel met sy eiesoortige steunbasis en doelwitte. Die grootste uitdagings waarvoor die ES egter in sy meer as 10 jaar se bestaan te staan gekom het, is:

- Onvermoë van owerhede om besluite te neem;
- Owerhede se totale gebrek aan kundigheid en ervaring asook die politieke wil om saam te werk;
- Twis en tweespalt onder plaaslike gemeenskappe wat aksies vertraag en bewaring dikwels in die wiele ry;

- Algemene gebrek aan fondse vir erfenisbewaring;
- Gebrek aan erkenning vir die ES se kundigheid en ervaring onder eie geledere (kultuur- en ES en VTM lede-organisasies);
- Swak bemarking van eie vaardighede, kundigheid en ervaring.

Gesien in konteks van 'n groeiende demokrasie en verswakkende ekonomie, en in die groter erfenisbewaringswêreld waar die Afrikaner se identiteit daagliks uitgedaag word, voer die VTM en die ES 'n opdraende stryd m.b.t. die noodsaaklikheid om ons Afrikanererfenis te bewaar. Dit is nou meer as ooit tevore noodsaaklik dat daar ten minste dan onder lede-organisasies op alle vlakke gepoog word om gefokus saam te werk om die ES in sy doelwitte te laat slaag.

Cecilia Kruger

Senior Bestuurder: Erfenisbewaring

November 2015